



Ruach Bediening Nuusbrieff

APRIL 2021

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrieff

1. Gedagte vir die maand	1
2. Gebedsterapie sessies.....	3
3. Getuienisse	3
4. Sommer net 'n paar gedagte's	3
a. Die ryk familie in ons gemeente.....	3
b. Die man met die swaar hart.....	5
c. Wil jy moed opgee?	6
5. Beplanning vir die volgende maande	6
6. Woord in Aksie kampe – Pretoria	7

1. Gedagte vir die maand

Jesaja 55:11

So sal die woord wat uit my mond ook wees, dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkom nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit uitstuur.




Kom ons kyk 'n bietjie na die effek of resultate van woorde. Wat dink jy sal die wêreld waarin ons leef in 'n oogwink verander? Positiewe of negatiewe woord? Wat dink jy sal gebeur as ons net seën uitspreek? Wat dink jy sal gebeur as ons net negatiewe woorde spreek? Ek praat van woorde wat ons terughou, wat ons stop of mislukking voorspel. Jy het dalk nie eens 'n idee hoeveel energie jou woorde kan steel nie?

Gedurende die 1990's, het Dr. Masaru Emoto 'n reeks eksperimente gedoen om die fisiese effek van woorde, gebed, musiek en die omgewing te toets op die kristal struktuur van water. Emoto

het 'n fotograaf gehuur om foto's te neem van water wat blootgestel is aan sekere dinge en daarna gevries word, totdat hulle kristaliseer. Die resultate was verstommend.

Byvoorbeeld:

Water voor gebed



Water na gebed




Nadat hulle hierdie wonderwerke aanskou het, het dokter Emoto verder gegaan en verskillende woorde uitgetoets, positief en negatief en dit vasgeplak op houers vol water. Die resultate was as volg gewees:

“Jy maak my siek, ek wil jou vermoor”



Adolph Hitler



Dankie



Liefde en Waardering



Soos jy kan sien, die uitspraak van positiewe woorde 'n meer simetriese en aestetiese mooier effek gelaat, as die negatiewe frases. As jy die artikel op hierdie blad lees, het jy dalk al 'n idee dat die positiewe en die negatiewe, 'n geweldige impak het op die omgewing. Die konsep is relatief

maklik om te verstaan, maar die geweldige fisiese effek bly verstommend. As woorde en gedagtes wat uit ons kom so 'n geweldige effek het op water kristalle, is dit verstommend om te begin dink watter effek dit op mense en gebeurtenisse kan hê in ons lewens. O en moenie vergeet nie, die gemiddelde menslike liggaam is 60% water. Dink 'n bietjie daaraan. (<http://www.highexistence.com/water-experiment/>)

'n Seën is nie 'n seën voordat dit nie verklaar is nie. So vandag verklaar ek seëning oor myself, my geliefdes, my medewerkers en die land waarin ek bly. Ek verklaar in die Naam van Jesus dat ek geseënd is met die God se bonatuurlike wysheid en ek ontvang elke dag duidelike rigting van die Heilige Gees vir my lewe. Ek verklaar vandag dat ek geseënd is met kreatiwiteit, moed, talent en oorfloed. Ek verklaar dat ek geseënd is met 'n stek wil, selfbeheersing en self dissipline. Ek is geseënd met 'n wonderlike gesin, familie, goeie vriende, goeie gesondheid, 'n sterk geloof, guns en vervulling. Ek is geseënd met sukses, bonatuurlike krag, vooruitgang en goddelike beskerming. Ek verklaar dat ek geseënd is met 'n liefdevolle hart en postiewe uitkyk op die lewe. Ek verklaar dat enige vloek of enige negatiewe woord wat ooit oor my of my voorgeslagte uitgespreek is, vandag gebreek word in die Naam en met die Bloed van Jesus. Ek verklaar dat elke ding waaraan ek my hand lê geseënd is en ek 'n sukses in behaal. Ek verklaar dit vir vandag en elke dag van my lewe. Vader, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die krag en die heerlijkheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Yeshua, Jesus Christus, my Verlosser en Koning. Amen.

2. *Gebedsterapie sessies*



In **April 2020** was daar **31** gebedsterapie sessies in **Centurion** gewees.
In **April 2020** was daar **1** gebedsterapie sessies per **Telefoon** gewees.
In **April 2020** was daar **3** gebedsterapie sessies per **Video Call** gewees.
In **April 2020** was daar **0** gebedsterapie sessies in **Delmas** gewees.
In **April 2020** was daar **14** gebedsterapie sessies in **Middelburg** gewees.
In **April 2020** was daar **0** gebedsterapie sessies in **Nylstroom** gewees.
In **April 2020** was daar **0** gebedsterapie sessies in **Fochville** gewees.

Totale gebedsterapie sessies vir **April 2021** was **49**.

3. *Getuienisse*

Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

Getuienis 1: More Sarel. Na jou gebed verlede Maandag het ek Woensdag gehoor ek is bevorder. Weereens baie dankie vir jul seeninge. Ek kon nie glo wat ek Woensdag hoor en het dadelik gedink aan ons gesprek en glad nie gehuiwer om dit te aanvaar nie. Ek weet dis gestuur van die Here. Mooi dag vir julle.



4. *Sommer net 'n paar gedagte's*

a. Die ryk familie in ons gemeente

Ek sal 1946 se Paastyd nie vergeet nie. Ek was 14, Ocy 12 en Darlene 16. Ons drie het saam met Mamma gebly en het gewet wat dit beteken om sonder baie dinge klaar te kom. My pa is vyf jaar tevore dood en het my ma met sewe kinders, sonder enige geld, agtergelaat. Teen 1946 was die oudste vier kinders reeds uit die huis.

'n Maand voor Paasfees het die dominee aangekondig dat daar op Paasfees 'n spesiale kollekte opgeneem sou word om 'n arm gesin te help. Hy het almal gevra om geld te spaar, werklik 'n offer te bring en ruim by te dra.

Terug by die huis het ons dadelik gesels oor wat ons kan doen. Ons het besluit om 50 pond (ongeveer 23kg) aartappels te koop en vir die hele maand daarop te lewe. Op die manier kon ons R20 op ons kruideniersbegroting spaar om by te dra. Ons het ook besluit om so min as moontlik elektrisiteit te gebruik om nog meer te spaar. Ons het mense se huise en agterplase skoongemaak en elke geleentheid om kinders op te pas, aangegryp. Met elke 15 sent wat ons gekry het, het ons genoeg wol gekoop om drie vatlappe te brei wat ons dan weer vir R1 verkoop het. Op die manier het ons nóg R20 bymekaar gemaak.

Die maand was een van die bestes in ons lewe. Ons het elke dag die geld getel om te sien hoeveel ons al gespaar het. Saans het ons in die donker gesit en gesels oor hoe die arm gesin die geld wat die kerk aan hulle gaan gee, sal geniet. Aangesien daar ongeveer 80 mense in die kerk was, het ons uitgerek dat die gemeente ten minste 20 keer meer kan gee as wat ons eie bydrae is. Na alles het die dominee die gemeente elke Sondag aan die spesiale bydrae herinner.

Die dag voor Paasfees het ek en my sussie na die kruidenierswinkel gegaan en al ons kleingeld omgeruil vir drie nuwe R20-note en een R10 noot. Ons het huis toe gehardloop om vir Mamma en Darlene te gaan wys. Ons het nog nooit voorheen soveel geld gehad nie. Daardie nag kon ons byna nie slaap nie, so opgewonde was ons. Dit het ons nie gehinder dat ons nie nuwe klere vir Paasfees kon kry nie, want ons het R70 vir die spesiale offergawe gehad. Ons kon nie wag om kerk toe te gaan nie.

Daardie Sondag het dit behoorlik gereën. Ons het nie 'n sambreel besit nie, maar het ook nie omgee hoe nat ons word nie. Selfs Darlene se voete het papnat geword omdat haar skoene al stukkend was. Ons het trots in die kerk gesit. Ek het gehoor dat van die ander tieners iets fluister oor die Smith-dogters wat weer hul ou rokke aan het. Ek het na hulle in hulle nuwe rokke gekyk en baie ryk gevoel.

Toe die kollekte opgeneem word, het Mamma die R10-noot ingegooi en ons kinders elkeen R20. Op pad huis toe het ons gesing. Middagete het Mamma ons verras. Sy het 'n dosyn eiers gekoop en ons kon Paaseiers saam met ons aartappels eet.

Laat daardie middag het die dominee voor ons huis gestop. Mamma het die deur oopgemaak, 'n oomblik met hom gepraat en toe teruggekom met 'n koevert in haar hand. Ons het gevra wat dit was, maar sy het niks gesê nie. Sy het die koevert oopgemaak. Toe val daar 'n klomp geld uit... drie nuwe R20-note, een R10 en sewentien R1'e. Mamma het die geld teruggesit in die koevert en niemand het 'n woord gesê nie. Ons het almal net na die vloer gesit en staar. Waar ons 'n oomblik gelede nog soos miljoeners gevoel het, het ons nou arm en waardeloos gevoel.

Ons het so 'n gelukkige lewe gehad dat ons almal jammer gekry het wat nie 'n pa en ma gehad het nie, of 'n huis vol boeties, sussies en vriende wat gedurig kom kuier het nie. Ons het gedink dit is pret om eetgerei te deel en altyd te wonder wat jy vanaand gaan kry: die vurk of die lepel? Ons het twee messe gehad wat ons rondgestuur het vir wie dit ook al nodig gehad het.

Ons het geweet dat ons baie van dit wat ander mense het, nie het nie, maar ons het nooit gedink ons is arm nie. Maar daardie Paasfees het ons uitgevind dat ons wel arm is. Die dominee het immers die geld wat vir die arm gesin ingesamel is, vir ons gebring. So, ons moet dan arm wees! Ek het niks daarvan gehou om arm te wees nie. Ek het na my rok en verslete skoene gekyk en was so skaam dat ek nie weer kerk toe wou gaan nie. Almal het blykbaar lankal geweet dat ons arm is. Op skool was ek in graad 9 en het eerste gestaan uit meer as 'n 100 kinders. Ek het gewonder of dié kinders ook weet dat ons arm is. Ek het besluit om skool te los, aangesien ek reeds graad 8 geslaag het en dit was al wat die wet destyds vereis het.

Ons het lank in stilte gesit. Later het ons gaan slaap. Gedurende die week het ons min gepraat. Saterdag het Mamma die stilte verbreek en gevra wat ons met die geld wil doen. Ons het gewonder. Wat doen arm mense met geld? Ons het nie geweet nie, want ons het nie geweet dat ons arm is nie. Ons wou nie Sondag teruggaan kerk toe nie, maar Mamma het gese ons moet.

Al was dit 'n lekker sonskyndag, het niemand op pad kerk toe gepraat nie. Mamma het 'n lied begin sing, maar niemand het saamgesing nie. By die kerk het 'n sendeling gepraat. Hy het vertel hoe mense in Afrika kerke bou met songedroogde kleistene, maar dat hulle geld benodig om die dakke op te sit. Hy het gesê dat R100 genoeg is vir een kerk se dak. Die dominee het gevra: Kan ons nie almal 'n offer bring om die arm mense te help nie?

Ons het na mekaar gekyk en vir die eerste keer daardie week geglimlag. Mamma het haar hand in haar handsak gestee en die koevert uitgehaal. Ons het dit aangestuur na Ocy en sy het dit in die kollektbordjie gegooi. Nadat die geld getel is, het die dominee aangekondig dat die bydrae net oor die R100 was. Die sendeling was baie opgewonde. Hy het nie so 'n ruim bydrae van ons klein gemeentetjie verwag nie. Hy het gesê: Julle moet beslis ryk mense in julle gemeente hê.

Toe tref dit ons. Ons het R87 van die net meer as R100 gegee... so ons is die ryk familie in die gemeente. Het die sendeling nie self so gesê nie?

Van daardie dag af was ek nooit weer arm nie... en ek onthou altyd hoe ryk ek is omdat ek Jesus het!

b. Die man met die swaar hart

Op 'n dag stap 'n man deur die plantasie op sy plaas. Sy hart is verskriklik beswaard. Sy gedagtes dwaal oor sy lewe tot hiertoe, en hy besef dat daar baie dinge in sy lewe is wat nie reg is nie. Hy dink oor almal wat vir hom gelieg het terwyl hy nog sy besigheid gehad het. Sy gedagtes huiwer 'n oomblik by diegene wat van hom gesteel het en hom benadeel het. Sy gedagtes wentel om sy siekte wat niemand op die stadium instaat is om te genees nie.

Sy hart is gevul met woede, bitterheid en frustrasie. Terwyl hy na antwoorde soek, kom hy tot die besef dat hy eintlik 'n mislukking is en dat alles en almal hom gefaal het.

Hy kniel neer by die stam van 'n ou eikeboom en met betraande oë roep hy Hom aan wat hy weet altyd daar sal wees.

"Here U het wonderlike dinge vir my gedoen in my lewe. U het my beveel om baie dinge vir U te doen en ek het gehoorsaam. Vandag beveel U my om te vergewe. Ek is treurig Here, ek kan nie, want ek weet hoe nie! Here dit is onregverdig, ek het nie verdien om so in my lewe benadeel te word nie en ek moes nie by hierdie punt kom waar ek iemand moet vergewe nie. U weë is perfek Here, maar hierdie ding van vergifnis kan ek nie doen nie, want ek weet nie hoe nie.

Here my woede is so groot dat ek bang is ek sal U nie hoor nie, maar nogtans bid ek dat U my daardie een ding sal leer wat ek nie kan doen nie. Here, leer my asseblief om te vergewe?"

Terwyl hy so in die skadu van die ou eikeboom kniel, voel hy iets op sy skouer val. Hy maak sy oë oop, en sien uit die hoek van sy oog iets rooi op sy hemp. Hy kan hom nie draai om te kyk wat dit is nie, want skielik, daar waar die ou eikeboom was sien hy 'n groot vierkantige stuk hout in die grond. Hy lig sy kop 'n bietjie op en daar verskyn twee voete met 'n groot spyker in, binne sy gesigsveld. Hy lig sy kop verder op en dan vul sy oë opnuut met tranes as hy Jesus aan die kruis sien hang.

Hy sien die spykers in SY hande die gapende wond aan Sy sy, 'n stukkende en vernielde liggaam, doringgate in SY hoof. Hy sien ook die lyding en pyn op SY geliefde gesig.

Wanneer hulle oë ontmoed begin die man hartstogtelik te snik, en Jesus begin met hom praat: "Het jy ooit 'n leuen vertel?"

"Ja Here"

Het dit ooit gebeur dat iemand jou te veel kleingeld gegee het en jy het dit gehou?"

"Ja Here" en hy snik al harder!"

"Het jy ooit iets by die werk gevat wat nie joune was nie?"

"Ja Here"

"Het jy ooit gevloek en My Vader se naam ydelik gebruik?"

"Ja Here" die trane rol nou vrylik!

Jesus vra nog baie keer "Het jy ooit.....?"

Die trane loop nou onbeheerbaar want al wat die man kan antwoord is "Ja Here"

Dan draai Jesus Sy kop van kant tot kant en die man voel hoe daar weer iets op sy skouer val. Hy kyk en sien dat dit die Bloed van Jesus is. As hy weer opkyk en sy oë die van Jesus ontmoet, skyn daar 'n sagtheid uit Jesus se gesig en Sy oë straal liefde uit soos die man nog nooit in sy lewe gesien het nie.

Jesus sê: "Ek het dit ook nie verdien nie..., maar ek vergewe jou..!"

Soms kan ons nie die anderkant van ons moeilikheid sien nie en ons kan nie sien hoe ons ooit anderkant gaan uitkom nie.

As ons egter terugkyk op ons lewens, dan besef ons dat ons dit nooit sou maak as dit nie deur die genade van die Here was nie. Dan sien ons daardie enkel ry spore soos Hy ons gedra het.

c. *Wjy moed opgee?*

Ek wil in 'n hopenie gaan lê en sommer net doodgaan! Dalk resoneer die woorde met jou? Het jy geweet dit is presies wat die profeet Elia gesê en gedoen het in 1 Konings 19. Ek vermoed hy was emosioneel oorweldig en geestelik uitgeput. Dit is vir my so mooi en besonders wat God toe gedoen het - Hy het Elia laat slaap en laat eet. 'n Engel het gekom en vir Elia kos en water gegee en hom dan weer laat rus. Dit is vir my wonderlik hoe prakties die Bybel kan wees. As jy soos Elia voel praat met God oor jou omstandighede, deel jou seer en moedeloosheid met Hom. Hy hoor elke gebed! Rus genoeg en eet gesond. Reik uit na mense wat jou kan help! Moenie hierdie een oomblik van jou lewe met jou hele lewe verwar nie. Ek bid dat jy sommer nou daar waar jy is sal voel hoe God se teenwoordigheid en liefde jou troos en bemoedig!

(Met erkenning aan Liesel)

5. *Bepanning vir die volgende maande*

DELMAS

MAANDAE is ek in Delmas.

Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel** ☎ **072 400 6487**



MIDDELBURG	NYLSTROOM	FOCHVILLE
Ons bedien 1 x 'n maand in Middelburg , 'n Vrydag en Saterdag. Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ☎ 084 429 7016	Die kontak persoon vir afspraak is: Tannie Nellie De La Porte ☎ 079 581 0624	Die kontak persoon vir afspraak is: Petro Gerber ☎ 076 577 6296
4 & 5 Junie		
9 & 10 Julie	28 Julie	22 Julie
6 & 7 Augustus	18 Augustus	19 Augustus
3 & 4 September	22 September	16 September
1 & 2 Oktober		14 Oktober
29 & 30 Oktober	3 November	25 November
3 & 4 Desember	8 Desember	


6. *Woord in Aksie kampe – Pretoria*

WOORD IN AKSIE KAMPE maak 'n verskil in mense se lewens!
Lees die meegaande 2 getuïenisse van die Mannekamp:

Getuïenis 1:

Marcel... Wow wow wow!! Baie dankie vir die kamp waarheen jy ons gemotiveer het om na te gaan. Ek het gegaan met 'n verwagting vir 'n antwoord, en die Here het my gebless met 'n profesie wat direk met my hart gepraat het!

Ek het in al die jare wat ek al preke bygewoon het en blootstelling gekry het aan God se woord, nog nooit só duidelik verstaan wat God vir ons gedoen het nie. Ons het geleer om te bid, ons het geleer van ons Skeppingsdoel. Die belangrikste was vir my om my verantwoordelikheid as hoof van my huishouding beter te verstaan met praktiese stappe ook! Ek het nie net weggestap as 'n nuwe mens nie, maar ook nuwe vriendskappe gevorm. As jy voel jy kort 'n woord vir jou lewe of jy voel verlore in die wereld, woon 'n Woord in Aksie kamp by, jy sal jou antwoord en nog meer kry. Baie baie dankie vir ons Borge wat dit ook moontlik gemaak het!



Getuïenis 2:

Marcel, baie baie dankie vir 'n ongelooflike Kamp.

Ek weet nou waarvoor ek op aarde geplaas is en ek verstaan my Bybel waarmee Ek gesukkel het.

Die Kamp het my so naby aan die Vader gebring en my so rustig gemaak, my gejaagde lewe het my klaar gemaak!

Na die kamp is ek so rustig. Dankie vir die Borge wat dit vir ons moontlik gemaak het daar is Groot waardering.

Kyk op Facebook blad : **Woord in Aksie** vir meer besonderhede.
Ook op www.wia.org.za.

Kontak besonderhede: Woord in Aksie ☎ 010 065 0881

*Baie seëninge vir julle almal
Sarel & Gerda Reinecke*

“Elkeen se lewe het 'n getuïenis om te gee”